

# DIE HEL: EEUE-OUE DWAALLERING

GERRIE MALAN

## INLEIDING



Ek het grootgeword met hierdie vreesaanjaende konsep van die hel, 'n plek van ewige pyniging. Jy glo óf in Jesus die Christus, óf jy gaan vir ewige foltering na die vlammehel toe. Prediking, hetsy formeel in die kerk of informeel in gesprekke tussen mense, het dus dikwels die vorm van 'draai of braai' ("turn or burn" in Engels) stellings aangeneem. Die visuele media het ons ook toenemend met prente van hierdie aaklige plek van ewigdurende brandende lawa gekonfronteer. Waar ons dus in die Bybel die woord 'hel' (*hell*) teëgekóm het, was dít die beeld wat ons gesien het. Bybelvertalings het ons ook op hierdie pad bly lei.

In die afgelope dekades het veral videomateriaal en televisieuitsendings die skroef nog stywer aangedraai met vertellings van mense wat sogenaamd in die hel was. Ek is nie neerhalend jeens diesulkes se geestesondervindings nie, maar glo die beelde is deur die onderbewussyn gevoed op grond van jarelange leringe.

**Uiteindelik moet die Bybel immers die skietlood wees waarteen ons enige doktrine of lering meet en toets.**

Gaandeweg het die besef tot my begin deurdring dat ons met 'n verkeerde begrip te doen het. Openbaring 20:13 & 14 in die ou King Jamesweergawe lui bv. "*And the sea gave up the dead which were in it; and death and hell delivered up the dead which were in them: and they were judged every man according to their works. And death and hell were cast into the lake of fire. This is the second death*". In die New King Jamesweergawe is dit al reggestel en die woord *hell* is met die woord *hades* vervang. Die Ou Afrikaanse vertaling van 1933 het reeds die baie meer korrekte uitdrukking van 'doderyk' gebruik en nie die woord hel nie.

Dit was vir my 'n groot ontugtering om nou in my laattjare te besef dat die hel inderdaad nie 'n Bybelse konsep is nie. Ek glo dit is belangrik om begrip op skrif te stel en wil met hierdie artikel 'n bondige uiteensetting daarvan gee.

## VERTALINGSDWALING

U sal hierdie woord of uitdrukking nie in die Hebreeuse Tanakh (Ou Testament) vind nie. Dit kom ook nie in die Ou Testament van ons Ou Afrikaanse Vertaling (1933; 1956) voor nie. Daarin is die betrokke Hebreeuse woord (*sheol*) wat 65 keer in die Ou Testament voorkom, oral met die woord 'doderyk' vertaal.

Ons het in hierdie Skrifgedeeltes te doen met die ou dispensasiegedagte van 'n tydelike bestemming van die siel na die aardse dood, genoem *sheol* in Hebreeus (Ou Testament) en *hades* in die Grieks (Nuwe Testament). *Sheol/Hades* is binne die Ou Hebreeuse Verbondsbedeling verstaan as 'n tydelike houplek (of gevangenis) vir die siele van die ontslapenes. Hiervolgens het die ontslapenes se siele in twee afdelings (die regverdiges en onregverdiges) met 'n onoorbrugbare skeiding tussen hulle gewag op die opstanding en oordeel wat sou kom op die geprofeteerde dag van die Here (kyk bv. Mal. 4:1). Die beeld word onder meer mooi beskryf in 1 Konings 2:10, "*So David slept with his fathers, and was buried in the city of David*" (King Jamesvertaling). Die 1933 Afrikaanse vertaling se weergawe,

“Toe het Dawid ontslaap met sy vaders, en hy is begrawe in die stad van Dawid”, is insgelyks beskrywend van die Hebreërs se begrip daaroor. Vergelyk nou bv. die 1983 vertaling se “Dawid is oorlede, en hy is begrawe in die Dawidstad” daarmee. Behalwe dat die woord ‘oorlede’ nie meer enige beeld van die slaapgedagte oordra nie, is daar ook nie enige koppeling aan die teenwoordigheid van sy vaders ter sprake nie. Sulke ongelukkige vertalings in verskillende

**Bybelweergawes het dus ons persepsie oor die konsep in die Bybelse gebruik heeltemal skeefgetrek en die dwaalleringe daaroor in ons verstand vasgemessel.**

## WOORDSTUDIE EN -BEGRIPSAGTERGROND

Soektogte op die Internet het verskillende verduidelikings vir die teenwoordigheid van die hel-konsep in die Christenomgewing aangedui. Vir die doeleindes van hierdie artikel kan ons daarby volstaan dat die moderne begrip van die hel met verloop van tyd uit heidense mitologie in leerstellinge ingebring is (dit word 31 keer gebruik as vertaling vir *sheol* in die King James Bybel). Volgens hierdie mitologie was dit die plek waar demone en die geeste van afgestorwenes was. Uitsprake deur van die sogenaamde ou “kerkvaders” en ander leiers in die vroeë kerk het oënskynlik ’n mentaliteit opgebou waarin mense deur vrees onder beheer gehou is.

Waar die uitdrukking ‘hel’ in weergawes van die Nuwe Testament aangetref word, is dit veelal gebruik as vertaling vir drie verskillende Griekse woorde, nl. *Hades*, *Gehenna* en *Tartarus*. Ons kyk vervolgens na hierdie uitdrukkings en hul gebruik in Nuwe Testamentgeskrifte.

### Tartarus

Hierdie woord word slegs in 2 Petrus 2:4 aangetref, en dui ’n plek aan waar die engele wat teen God gesondig het in duisternis geboei was in afwagting van hul oordeel.

### Hades

Die woord *Hades* word elf keer aangetref en dra ook die betekenis van die doderyk, maar sonder enige verwysing na die teenwoordigheid van Satan, demone of ewige pyniging van die mens se siel. Die opstanding en oordeel wat in Openbaring 20 ter sprake is, was die Ou Verbondsoordeel wat met die teenwoordigheid (wederkoms; *parousia*) van Jesus in oordeel en vernietiging van Jerusalem en die Tempel veertig jaar na Sy kruisiging plaasgevind het. Daarna is nie weer ’n tydelike domein van die afgestorwenes ter sprake nie. *Hades* is tot niet gemaak (Op. 20:14). Die konsepte van die opstanding en oordeel wat sou kom, was dus gewortel in die konsep van *sheol/hades* en is daarmee saam afgehandel. (Ons artikel oor die Groot Wit Troon Oordeel wat op ons webtuiste beskikbaar is, brei meer op daardie aspekte uit).

Lees ook gerus Daniel 12, wat dieselfde strekking van die einde van daardie dispensasie omvat het. Let veral op die stelling in Daniel 12:1,2: “(...) maar in dié tyd sal **jou volk** gered word, elkeen wat **in die boek opgeskrywe** staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryflik.” Dis belangrik om hier te sien dat dit ’n profesie oor die Ou Verbondsvolk Israel was – meer spesifiek die stam van Juda - en nie oor ander nasies en mense nie. Daarbenewens is daar nie verwysing na ewige pyniging in ’n plek genaamd die hel nie.

### Gehenna

Waar *sheol/hades* na ’n tydelike bestemming van afgestorwe siele verwys het, het die konsep *gā-Hinnom* (Hebreeus) en *géenna* (*Gehenna*) (Grieks) ’n plek of toestand van ewige veroordeling en verlatenheid aangedui.

Ons tref 12 keer hierdie Griekse woord aan. Sommige bronne beskryf *gā-Hinnom* (*Ge-Hinnom*) as ’n vallei buite Jerusalem wat die plaaslike rommelhoop was waar onder meer karkasse van dooie diere

en selfs lyke van tereggestelde misdadigers en vreemdelinge gestort is en waar die vuur nooit geblus is nie – die tipiese beeld wat aan die konsep van die hel toegeskryf word. Dit word volgens verslae egter nie deur die argeologiese opgrawings ondersteun nie. Ander beskryf dit as die plek waar afvallige Hebreërs hul kinders as brandoffers aan die afgod Molech gebring het. Watter beskrywing ook al die waarheid mag wees, bronne stem algemeen saam dit was 'n plek en konsep wat vir die Jode met verloop van tyd 'n simbool van vervloeking geword het. Dit is mettertyd geassosieer as 'n plek van liggaamlike en geestelike straf vir alle bose mense.

**'n Mens vind egter nêrens in die Nuwe Testament dat die Hebreuse konsep van *Gehenna* aan die heidene verkondig is deur die apostels nie.**

Jakobus het die woord weliswaar in sy brief gebruik, maar dis belangrik om te onderstreep dat dit 'n brief aan die twaalf Joodse stamme in die verstrooiing was. Hy het dit dan ook net gebruik as simbool van die tong as bron van ongeregtigheid (Jak. 3:6).

**Jesus het self wel die konsep in oordeelsverband gebruik, maar dit was net in gesprekke teenoor Joodse gehore en as beskrywend van God se komende oordeel oor Jerusalem.**

Hierdie oordeel van Gehenna is uiteindelik in die jaar 70 n.C. vervul met die volslae vernietiging van Jerusalem en die tempel deur die Romeinse leër. Volgens bronne was hierdie vernietiging so volslae dat dit sowat 200 jaar geduur het voordat daar weer enige noemenswaardige ontwikkeling op die terrein plaasgevind het. (U kan meer hieroor lees in ons artikel, *The New Jerusalem*, wat op ons webtuiste verkry kan word).

## **DIE TWEDE DOOD**

In Sy sendingsgesprek met die twaalf dissipels (Mat. 10:28) het Jesus verwys na die feit dat net God die siel van die mens kan vernietig. Die Griekse woord *apollumi* in Johannes 3:16 wat in die Afrikaans as 'verlore gaan' vertaal is, kom neer op totale vernietiging, 'n **volslae bestaanseinde**.<sup>i</sup>

Gegewe die feit van Openbaring 20:13-14 wat verklaar dat diegene wat by die Groot Wit Troon geoordeel en in die poel van vuur gegooi is die tweede dood ondergaan het, **kom dit voor** (my aanname, want dit word nie uitgespel nie) dat die Nuwe Testamentiese mens wat Christus verwerp terwyl hy in hierdie lewe is, reeds die 'tweede dood' ontvang wanneer hy hier op aarde sterf. Sy dood hier op aarde beteken dus 'n volslae en finale dood – deur eie keuse *apollumi*, volslae liggaamlike en geestelike bestaansbeëindiging wat ook net deur die Skepper van lewe toegestaan kan word. Selfs dan, so glo ek, bedroef elkeen wat so kies God, omdat die Skrif in Johannes 3:17 verklaar dat Hy nie Sy Seun in die wêreld [*mensdom*] gestuur het om die mensdom te oordeel nie, maar juis om vir hulle vrymaking of skulddelging van die sondelas (Eng: *redemption*) te gee.

Daar is eenvoudig nie Skriftuurlike grond om te glo so 'n persoon word aan ewigdurende foltering oorgegee nie. Sulke leringe is mensgemaakte filosofie, aangehelp deur vertaaldwaling. Sou mens boonop die Calvinistiese uitverkiesingsdoktrine in die prentjie inbring, word ons gevra om te glo dat die Here God voor die skepping van die aarde besluit het om die mens na Sy beeld te skape, maar terselfdertyd besluit het om sommige van hulle deur die eeue heen tot ewigdurende foltering te verdoem. Daar is selfs diegene wat op grond van Jesus se uitspraak oor die breë en smal weg in Mattheus 7:14, verkondig dat hierdie vooraf verdoemdes boonop die oorgrote meerderheid van mense uitmaak.

**Hierdie soort leerstellige dwalinge takel die integriteit van die Bybel as waarheidsbron af.**

## **TER HELLE NEERGEDAAL**

In die Gereformeerde kerkomgewing waarin ek grootgeword het, is die Apostoliese Geloofsbelydenis elke Sondagoggend hardop deur die gemeente uitgespreek. Dit het die stellings bevat dat Jesus

gekruisig is, gesterf het en neergedaal het na die hel, maar weer opgestaan het uit die dood. My navorsing het vir my aan die lig gebring dat daar verskille in die bewoording van hierdie geloofsbelydenis tussen verskillende denominasies bestaan. Terwyl sommige die bewoording van 'neergedaal het na die hel' gebruik, lui ander se bewoording dat Jesus neergedaal het na die dode. Die toepaslike woord in die Latynse weergawe was *infernus*. Die **Latynse** woord **infernus** beteken "uit die laer gedeeltes." Die gebruik van **inferno** om "hel" aan te dui word aan die middeleeuse Italiaanse digter Dante Alighieri toegeskryf.<sup>ii</sup>

My navorsing het ook die volgende uitgelig:

- Bespiegelings dat die twaalf artikels van hierdie geloofsbelydenis van Jesus se twaalf apostels afkomstig is, kan nie deur enige grondige bewyse gestaaf word nie. Dit is 'n latere produk.
- Die 'ter helle neergedaal het' word oënskynlik gekoppel aan artikel 1 Petrus 3:18-20 ("*... Hy wat wel doodgemaak is na die vlees, maar lewendig gemaak deur die Gees; waarin Hy ook heengegaan en vir die geeste in die gevangenis gepreek het, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark vervaardig is, waarin weinig, dit is, agt siele deur water heen gered is; (...).*")
- Daar is heelwat meningsverskil oor presies wat Petrus bedoel het, en gevolglik is daar ook allerlei bespiegeling in hierdie verband.
- Die enigste ander toepaslike Skrifverwysing wat 'n enkele bron vermeld, is Lukas 23:43 ("*En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy met My in die Paradys wees*"). Dit is myns insiens 'n verwysing na *Hades* en dra nie ons moderne hel-betekenis nie. Die woordeboek van W.E. Vine se beskrywing van *hades* bevat 'n spesifieke verwysing na toepassing in die tydperk voor Christus se hemelvaart.<sup>iii</sup> William Mounce bevestig in sy woordeboek oor *hades*, "*It is conceived as an underground prison with locked gates to which Christ holds the key.*"<sup>iv</sup>

Die verklaring dat Jesus neergedaal het na die hel is dus net nog 'n voorbeeld van wanpersepsie wat uit menslike interpretasiefout gevorm en in die Christenleringe ingeburger is. Kyk ter afsluiting van hierdie gedeelte ook na Openbaring 1:17-18.

Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk [*hades*] en van die dood.

In die ou King Jamesweergawe was die woord natuurlik "hell."

## SLOTBESKOUING

Dit kom uit die literatuur voor asof die konsep van die hel gedurende die tweede en derde eeu n.C. in bepaalde mate ontwikkel het, maar dat die omvangryke groei daarvan in die Katolieke Kerkomgewing van die middeleeue plaasgevind het.

Daar het die afgelope dekades, selfs in vorige eeue, vele geskryfte oor hierdie valse lering ontstaan. Ten spyte daarvan het dit ongelukkig bly voortleef van die kansels af en natuurlik ook op die visuele media. Verskeie boeke en ander media oor beweerde besoeke aan die hel het in resente tye ook prominente plek op Christenwinkels se rakke verkry. Gedurende my literatuursoektog het ek onder andere materiaal wat beklemtoon die hel is 'n werklike plek gesien op die webtuiste van een van die bekendste evangeliste van ons tyd (Billy Graham). Dink maar aan die wêreldwye invloed wat hy het! Ek dink voorts ook aan die talle gemeentes oor die wêreld heen waar die Apostoliese Geloofsbelydenis wat Jesus ter helle laat neerdaal Sondag na Sondag deur die gemeentelede uitgespreek word. Dit was my kerkomgewing tot kort voor my vyftigste verjaarsdag.

'n Mens kan maar net dink hoeveel anders die wêreld vandag sou uitgesien het as Jesus die Christus en sy apostels se leringe getrou en vry van die invloed van Griekse en Romeinse filosofie van geslag tot geslag oorgedra was. In plaas daarvan om die verhoudingsgesentreerde samelewing (*ekklesia*) wat Jesus Christus verkondig het uit te dra, het die mens die Skrifte verdraai en aangepas om 'n nuwe mensgemaakte godsdiens in talle variasies, in die plek daarvan te stel. Die konsep van die hel is een van die prominente vrot vrugte wat uit hierdie besoedeling voortgebring is. Jesus van Nasaret, Jesus die Christus se woorde aan die godsdienstige leiers van Jerusalem kry daarom vir my weer soveel gesag en waarheid by:

“So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak terwille van julle oorlewering [ook genoem tradisie] (Mat. 15:6).

16 April 2017

---

<sup>i</sup> Zodhiates, S. *The Complete Wordstudy Dictionary*. Add-on to e-Sword, version 11.0.6.

<sup>ii</sup> <https://www.vocabulary.com/dictionary/inferno>

<sup>iii</sup> Vine, W.E. 1984, 1996. *Vine's Complete Expository Dictionary Of Old And New Testament Words*. Nashville: Nelson. P286.

<sup>iv</sup> Mounce, W.D.2006. *Mounce's Complete Expository Dictionary Of Old And New Testament Words*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.p316.

**Webtuiste: [www.hoseaconnection.org](http://www.hoseaconnection.org)**